

**Die wraak van vergifnis;
Moraliteit, geskiedskrywing en politiek in Suid-Afrika***

Georgi Verbeeck**

Toe Eugene de Kock in Oktober 1996 in Pretoria dubbele lewenslange, plus 'n addisionele 212-jaar gevangenisstraf opgelê is, het 'n oorstelpte menigte swartmense van vreugde buite die hooggereghof gedans. Daar was letterlik té veel Suid-Afrikaners se bloed aan sy hande. De Kock was tereg die skurk van die jaar.¹ Dié voormalige bevelvoerder van Vlakplaas, die berugte polisiekamp 'n entjie noordwes van die hoofstad, vanwaar moordbendes gestuur is om versetstryders en politieke teenstanders van die toenmalige apartheidsregime om te bring, het vir die nuwe Suid-Afrika, wat 'n gewelddadige verlede in die reine wou bring, die spreekwoordelike *Prime Evil* verteenwoordig. In totaal is 121 klakte teen hom ingedien. Hy is op 89 skuldig bevind, waaronder talle wrede en wederregtelike teregstellings, ontvoerings, bomaanslae en bedrog. De Kock sit steeds opgesluit in C-Max, die maksimum-beveiligde afdeling van Pretoria se sentrale gevangenis. Hy ontvang besoekers in sy oranje gevangenispak en word omring deur Suid-Afrika se gevaaalikste kriminele, maar sedert sy veroordeling reeds meer as tien jaar gelede, het Suid-Afrika verander, en daarmee saam die beeld van Eugene de Kock, bloedhond van die apartheidsregime.

Ontmoeting met *Prime Evil*

Een van De Kock se gereelde besoekers in die gevangenis was Pumla Gobodo-Madikizela. Sy het in Langa, die *township* net buite Kaapstad, grootgeword. In haar jeugjare was sy herhaaldelik getuie van brutale polisieoptrede en rassediskriminasie. Sy was haar lewe lank by verskeie organisasies wat hulself met menseregtekwessies in die algemeen, en kinderregte in die besonder besig hou, betrokke. Sy het

* Enkele gedagtes by die lees van Pumla Gobodo-Madikizela, *A Human Being Died That Night. A South African Woman Confronts the Legacy of Apartheid* (A Mariner Book – Houghton Mifflin Company, Boston and New York, 2003).

** Georgi Verbeeck is verbonde aan die Universiteit van Maastricht (Nederland) en die Katolieke Universiteit van Leuven (België), en was in 2006 ook as navorsingsgenoot aan die Departement Historiese en Erfenisstudies aan die Universiteit van Pretoria (UP) verbonde. Hierdie artikel is deur Lizé Kriel (UP) uit Nederlands in Afrikaans vertaal.

1. *Sunday Times*, 22 December 1996.

plaaslik en in die buiteland aan verskeie universiteite gestudeer. As kliniese sielkundige het sy in die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) gedien² – in die komitee gemoeid met die ondersoek na die skending van menseregte gedurende die apartheidstyd. Sy was ook koördineerde van die openbare verhore van die WVK in die Wes-Kaap, waartydens aggressors en slagoffers van politieke geweld uit dié tyd aan die woord gekom het. Gobodo-Madikizela is sedertdien as mede-professor aan die Universiteit van Kaapstad verbonde, waar sy 'n interdissiplinêre navorsingseenheid met die tema *Narrative, Trauma and Forgiveness* lei.

Die WVK het op die basis van 'n dubbele beginsel gewerk. Persone wat gepleegde misdade volledig beken het en vervolgens kon aantoon dat dit polities-gemotiveerd was, het in aanmerking vir amnestie gekom en sou deur die staat van strafregtelike vervolging kwytgeskeld word. In terapeutiese sin is 'n konfrontasie tussen aggressors en slagoffers beoog, met versoening as moontlike uitkoms. Gobodo-Madikizela het De Kock verskeie kere in die gevangenis en ook tydens die getuenisverhore van die WVK ontmoet. Die boek wat sy hieroor geskryf het en wat in Junie 2004 met die gesogte Alan Paton-toekenning van die Sondagkoerant *Sunday Times* bekroon is, is deur sommige beskryf as iets wat in 'n reeks *Interviews with a Vampire* kon tuishoort, en die rolprent *Silence of the Lambs* in herinnering geroep het. De Kock was egter geen waansinnige psigopaat wat op eie houtjie opgetree het nie. Hy was die hoof-uitvoerder van die misdade van 'n brutale regime.

In die ontmoeting tussen Gobodo-Madikizela en De Kock het 'n interessante psigologiese mengdrankie ontstaan. Haar ontmoeting met die ingehokte monster het van die oomblik dat hy haar in sy swaar Afrikaanse aksent met "It is a pleasure to meet you" aangespreek het, anders as wat verwag is, verloop. Die oueur het in toenemende mate gevoel asof sy met emosies van empatie en selfs deemoed vervul is. Gesien teen haar agtergrond en haar professie, het dit etiese spanning opgelewer. Sy beskryf die gevolge van 'n vlugtige fisike aanraking met De Kock op aangrypende wyse en bespreek die interessante metafoor van "hande" wat telkens in verhale oor verantwoordelikheid en skuld opduik: Hande wat "vuil gemaak word" of "in onskuld gewas word". Dit blyk inderdaad asof "hande" die aggressor van sy misdade kan disassosieer. 'n Vlugtige aanraking met De Kock het vir die skrywer 'n besondere

2. Sien: P. Gobodo-Madikizela, "An in-depth analysis of two case studies based on interviews with perpetrators of a 'necklace' murder and with Eugene De Kock." PhD thesis, University of Cape Town, 1999.

betekenis verkry: “Deur De Kock se hande aan te raak, het ek sy melaatsheid aangeraak.”³ Vir ’n swart vrou moet die ironiese wraak van die geskiedenis na eeuelange rassediskriminasie duidelik in hierdie beeld sigbaar wees. Ondervraer en ondervraagde is steeds dieper by mekaar betrek, soos blyk wanneer De Kock haar vra of daar tussen sy slagoffers ook mense was wat aan Pumla bekend of by haar geliefd was. De Kock se wanhoop word skrynend ondraaglik as hy hom met hierdie vraag tot Pumla wend – sy oë druk slegs diep lyding uit. Sy stem is dié van ’n uitgeworpene wat smeek om weer die wêreld van die lewendes te mag betree. Pumla worstel met die antwoord omdat dit haar nie toekom om aan De Kock vergifnis te skenk nie. Dit is immers die voorreg van naasbestaandes en oorlewendes. Uiteindelik kom die verlossende antwoord: “Nee, Eugene, geen naasbestaandes van my nie.” Dit is die soort interaksie tussen beide protagoniste wat aan die boek ’n besondere trefkrag gee.⁴

Gobodo-Madikizela verken in haar ontmoeting met De Kock die moontlikhede van vergifnis. Van kardinale belang daarby, is die ontmoeting en dialoog tussen aggressor en slagoffer, of tussen dié se naasbestaandes. Wie vergifnis skenk, vertoon nie swakheid daardeur nie en vee nog minder die erns van die misdryf daarmee uit. Wie vergifnis skenk aan diegene wat berou betoon, ongeag die omvang of aard van die misdryf, herstel die oorspronklike band van medemenslikheid. Wie berou toon, roep om verligting van die skuld en om redding.⁵ Wie berou toon, wil ten alle koste weer in die samelewing opgeneem word. Die beslissing om vergifnis te skenk, is geen teken van swakheid nie, maar versterk juis die posisie van die slagoffer. Hy of sy beslis naamlik om te reageer op die noodkreet van die uitgeworpene, al dan nie. In die hoofstuk *“I have No Hatred in my Heart”* skryf die oueur dat vergifnis in werklikheid ’n verhewe vorm van wraak is.⁶ Wie vergewe, bewys dat hulle moreel die meerdere is. Hulle behou die bevoorregte status indien hulle aan die moreel regverdigte kant bly staan en weier om hulle te verlaag tot dievlak van die kwaad wat hulle aangedoen is. Slagoffers triomfeer op hierdie manier oor diegene wat by hulle leed veroorsaak het. Dit is asof die slagoffer ’n spieël voor die aggressor neersit: “Dit is wat dit beteken om menslik te wees. Ek kan en wil die kwaad wat jy my aangedoen het, nie in gelyke munt terugbetaal nie.” Vergifnis, of die herstel van die

-
- 3. Gobodo-Madikizela, *A Human Being Died That Night*, p 40.
 - 4. Gobodo-Madikizela, *A Human Being Died That Night*, p 115.
 - 5. N. Tavuchis, *Mea Culpa. A Sociology of Apology and Reconciliation*, (Stanford University Press, Stanford, 1991), p 21.
 - 6. Gobodo-Madikizela, *A Human Being Died That Night*, pp 117-133.

oorspronklike band van medemenslikheid tussen aggressors en slagoffers, verlaag nie die druk op die aggressors nie, maar verhoog dit juis. Die slagoffers en die maatskappy hou hulle voortdurend moreel verantwoordelik.⁷

Gobodo-Madikizela waarsku in haar boek teen die wydverspreide neiging om diegene wat vir grootskaalse geweld verantwoordelik was, te demoniseer. Demonisering van die aggressor is 'n gemaklike oplossing vir diegene wat hulself as slagoffers van onreg beskou. Dit reduseer die kompleksiteit van die kwaad tot iets wat steeds weg van onself geprojekteer word – asof die kwaad onself nie kan aanraak nie. Tegelykertyd bied dit op 'n perverse manier 'n verskoning aan aggressors, in soverre hulle opsy geskuif kan word as 'n onrehabiliteerbare kategorie vir wie daar geen hoop op verandering meer is nie. Hulle word die "ander" gemaak, teenoor wie ons – die regverdiges – natuurlik nooit enige affiniteit kan hê nie.⁸ Die oueur reduseer in haar ontmoeting en gesprekke met De Kock dus geleidelik die *Prime Evil* tot meer beskeie proporsies, maar dié is nie minder skrikwekkend nie: dit lê nou op die vlak van die banaliteit van die kwaad. "Ont-diabolisering" is vir die oueur, tereg, geen gemaklike oplossing nie, maar juis 'n uitdaging. Vir die aggressors is hulle "vermensliking" tegelyk rehabilitasie én straf. Hulle word voortdurend gekonfronteer met die hoë morele norme waarin hulle juis gefaal het. Dit gebeur egter dikwels dat slagoffers eerder aan hulle woede en wraakgevoelens vrye teuels gee. Hulle keer diegene wat hulle die kwaad aangedoen het, woedend die rug toe, uit vrees dat hulle deur die aggressors as regte mense te beskou, hulle morele posisionering sal kompromitteer en die standarde van die gemeenskap sal verlaag.⁹

Tereg wys Gobodo-Madikizela daarop dat daar 'n groter moontlikheid vir die persoonlike proses van berou en vergifnis is om te slaag indien daar ook politieke, maatskaplike en ideologiese instrumente in plek is om dit te ondersteun.¹⁰ Die klassieke regsspraak, wat alleen op vergelding en uiteindelike materiële vergoeding ingestel is, voldoen nie daaraan nie. Die WVK, soos dit in Suid-Afrika gefunksioneer het, voorsien veel beter in hierdie behoeftte. Dit het 'n breë politieke raamwerk daargestel waarbinne genesing van diepe traumas van die verlede kon plaasvind. Die proses is nie alleen op die vlak van duisende individuele lewens nie, maar ook op die vlak van die

7. Gobodo-Madikizela, *A Human Being Died That Night*, p 119.

8. Gobodo-Madikizela, *A Human Being Died That Night*, p 119.

9. Gobodo-Madikizela, *A Human Being Died That Night*, p 120.

10. Gobodo-Madikizela, *A Human Being Died That Night*, pp 125-126.

samelewing in geheel voltrek. Hier sluit Gobodo-Madikizela se insigte uit die kliniese sielkunde soomloos by die wyse waarop die WVK gefunksioneer het, aan. Deur waarheid te bereik, dit wil sê, deur die volledige bekentenis van die feite in 'n berouvolle gesindheid, kom 'n dialoog tot stand waarbinne versoening moontlik word. Die volgende aangrypende incident het deel van die boek geword en is verteenwoordigend van die eintlike oomblik wat vir die oueur aanleiding daar toe gegee het om dit wel te skryf: De Kock het tydens 'n sitting van die WVK gevra om die wedeweес van die slagoffers in die Motherwell-saak te ontmoet en hulle vir die dood van hulle mans om verskoning te vra.¹¹ Drie swart polisiemanne van Port Elizabeth is naamlik in 'n bomaanslag wat deur De Kock se moordbendes uitgevoer is, oorlede. Die rede was dat hulle gedreig het om die betrokkenheid van hulle wit kollega by die moord op 'n aantal swart anti-apartheidsaktiviste op die lappe te bring. In 'n bo-menslike handeling van vergewensgesindheid het die wedewees van die vermoorde polisiemanne De Kock die hand gereik. Hulle het gehuil oor die verlies van hulle geliefdes, én oor die verlies van De Kock se menslikheid. Deur hom die hand te reik, wou hulle aan hom hierdie menslikheid teruggee.¹² Empatie – "ek voel die pyn wat jy voel omdat jy my pyn aangedoen het"¹³ – is die dryfveer vir vergifnis.¹⁴

Die boek toon aan dat vergifnis alleen kan funksioneer binne bepaalde voorwaardes. Gobodo-Madikizela wys steeds op die politieke en maatskaplike konteks van die nuwe Suid-Afrika.¹⁵ Institusionele instrumente soos die WVK, sowel as 'n kultuur wat op vergifnis gerig is, moet teenwoordig wees. Die onreg moet tot die verlede behoort en dit is nodig dat 'n historiese episode afgesluit word. De Kock dien lewenslange gevangersstraf uit. Hy moor nie meer nie, en die staat gee nie meer opdrag dat mense vermoor moet word nie. Vergifnis veronderstel die moontlikheid om die oorspronklike band van medemenslikheid te herstel.¹⁶ Dit is selfs met 'n massamoordenaar soos De Kock moontlik, omdat hy 'n figuur uit die verlede is. Sonder hierdie historisering, is dit

-
11. Vir meer inligting oor die Motherwell-saak, sien: *Sunday Times*, 18 July 2004.
 12. Gobodo-Madikizela, *A Human Being Died That Night*, pp 13-15.
 13. Gobodo-Madikizela, *A Human Being Died That Night*, p 127.
 14. P. Gobodo-Madikizela, "Remorse, Forgiveness and Rehumanization. Stories from South Africa", *Journal of Humanistic Psychology*, 42, Winter 2002, pp 7-32.
 15. Anonymous, "Exporting the TRC. Pumla Gobodo-Madikizela on the TRC and its Lessons for the United States", *The Safundi Member Research Newsletter*, January 2005.
 16. *Sunday Times*, 17 July 2005.

baie moeilik, indien nie onmoontlik nie, om te vergewe. Kan diegene vergewe word wat nie om vergifnis vra nie, en hulle in die loopgraaf van die verlede bly verskans? As die terreur van die groot en die klein daaglikse geweld – burgeroorlog, bomaanslae, geweld, intimidasie en ekskeiding – bly voortgaan, is die beroep op vergifnis sinneloos. “*Forgiveness is the key to action and freedom*”, aldus Hannah Arendt. Hierdie “vryheid” sluit inderdaad nou aan by die morele superioriteit en die “wraak” van Pumla Gobodo-Madikizela, maar daarvoor moet die verlede afgesluit word en die poort na ’n nuwe toekoms geopen word.¹⁷

A Human Being Died That Night is ’n skitterende relaas oor skuld, berou en vergifnis in die nuwe Suid-Afrika.¹⁸ Die Nederlandse vertaling van die titel van die boek, *Veroverde Vergeving*, is veral uitstekend gekies: dit verwys na die handeling van vergewe, wat deur die aggressor “verower” moet word, sowel as die bereidheid van die slagoffer om dit ook te wil skenk.¹⁹ Die antropologiese gegewe van skuld en vergifnis staan sentraal in die boek.²⁰ Argumente ten gunste van ’n terapeutiese benadering word ook aan die hand gedoen.²¹ Vir Gobodo-Madikizela gaan dit veel minder om die politieke en maatskaplike konteks. Wat die historiese rekonstruksie van De Kock en sy wandade betref, is die boek eerder swak. Die leser wat as historikus of sosiaalwetenskaplike in die meganismes van politieke geweld geïnteresseerd is, sal nie veel wyser uit hierdie boek word nie. Oor die presiese aard en omvang van die misdade wat Eugene De Kock gepleeg het, kom die leser ook nie veel te wete nie – net so min oor die konteks waarbinne hy geopereer het. So kom die outeur nie veel verder as ’n baie beknopte skets van die politieke en maatskaplike agtergrond van De Kock se optrede as polisieman nie. Dit oortuig nie werklik nie. De Kock kom uit ’n tradisionele Afrikanergemeenskap, waar anti-kommunisme, ’n felle nasionalisme en Bybels-geregverdigde apartheidsdenke die norm was. Dit was die waardes wat deur die oorgrote meerderheid van die gemeenskap gedeel

-
- 17. M. Minow, *Between Vengeance and Forgiveness. Facing History after Genocide and Mass Violence* (Beacon Press, Boston, 1998).
 - 18. Die boek is beide plaaslik en internasionaal oorweldigend positief ontvang. Die Afrikaanstalige media in Suid-Afrika het in die entoesiasme gedeel. Dit is opvallend dat dit egter by ’n aanvanklike kortstondige lofprysing gebly het en dat die belangstelling daarna baie vinnig getaan het. Sien: *Beeld*, 25 Julie 2003 en 18 Augustus 2003; *Die Burger*, 15 September 2003; *Rapport*, 3 Augustus 2003.
 - 19. P. Gobodo-Madikizela, *Veroverde vergeving. Oog in oog met de Zuid-Afrikaanse killer Eugene De Kock* (Balans, Amsterdam, 2004).
 - 20. Gobodo-Madikizela, *A Human Being Died That Night*, p 117.
 - 21. N. Tavuchis, *Mea Culpa*, pp 119-124.

is.²² Van oordrewe ideologiese ywer was daar geen sprake nie. Die bestanddele van die apartheid-ideologie kon op sigself sekerlik nie genoeg gewees het om van hom 'n professionele moordenaar te maak nie.

Individuele verantwoordelikheid en sosiale konteks

Gobodo-Madikizela se boek sou aangevul moes word met 'n grondige beskouing van die netelige politieke konteks in Suid-Afrika gedurende die jare tussen die Soweto-opstande en die eerste demokratiese verkiesing in 1994. Om die aandag hierheen te verskuif, mag dalk klink soos die soeke na 'n "verontskuldiging" vir die misdade van die apartheidregime, maar dit is natuurlik nie die bedoeling nie. Om die misdadige optrede van De Kock bloot te herlei tot die duiwelse karakter van die apartheidssisteem, is egter 'n oorvereenvoudiging. 'n Mens kan kwalik die klimaat van politieke radikalisering, van 'n toenemende geweldspiraal wat gedreig het om op 'n burgeroorlog uit te loop en die internasionalisering van die konflik tussen die voor- en teenstanders van apartheid, ignoreer. Onder P.W. Botha is 'n "totale aanslagbeleid" van stapel gestuur, wat die bastion van "blanke Suid-Afrika" met elke moontlike politieke, militêre en ekonomiese inset moes verdedig. Vanuit die perspektief van hierdie sogenaaende totale strategie was die binnelandse verset teen die apartheidregime, en veral die ANC, PAC en SAKP, deel van die kommunistiese bedreiging wat vanuit die buiteland georkestreeer is. Die staat het die onderdrukking van die anti-apartheidsverset buite die landsgrense deur militêre aksies in die sogenaaende frontliniestate (veral Namibië, Angola en Mosambiek) uitgebrei. Dit het spoedig in 'n geheime *dirty war* ontaard. Die inset van paramilitêre moordbendes was 'n logiese gevolg van 'n verreikende radikalisering waarby die militêre apparaat, maar ook die inligtings- en polisiedienste, aangewend is om die vyand te verpletter.

Dit is nie toevallig dat De Kock binne, sowel as buite Suid-Afrika 'n rol in die moordmasjien gespeel het nie. In Namibië het hy byvoorbeeld deel uitgemaak van die berugte Koevoet – paramilitêre eenhede wat jag op SWAPO-guerrillas gemaak het. Die bedoeling was om die Namibiese onafhanklikheidstrewe te stuit, wat daarvan 'n klassieke voorbeeld van kontra-revolusionêre geweld maak.²³ Die geweld wat deur die owerheid in openlike en koverte oorlogvoering gebruik is, is deur die oorgrote meerderheid van die wit bevolking van Suid-Afrika as 'n legitieme wapen teen die kommunistiese bedreiging

22. *Mail & Guardian*, 11 October 1996.

23. *The Namibian*, 4 November 1998.

beskou. Tegelykertyd het die swart gemeenskappe in die greep van 'n toenemende spiraal van geweld beland wat 'n regverdiging vir hardhandige optrede deur die regering gebied het. Daarby het die hipotese gereeld opgeduiuk dat owerheidsgeweld self die basis gelê het vir die onderlinge geweld tussen wedywerende swart groepe. 'n Sogenaamde "derde mag" was in die land werksaam, waarby die hoogste gesagsdraers van die staat, insluitend president F.W. de Klerk, na bewering betrokke was.²⁴ Die optrede van De Kock en sy moordbendes is dus sterk konteksgebonden. Dit kan nie los gesien word van 'n sterk gepolariseerde suidelike Afrika wat in die 1970's en 1980's gedreig het om in 'n omvattende streekskonflik te ontaard nie.²⁵

Die outeur wend haar in haar boek gereeld tot gewaagde vergelykings met ander vorme van grootskaalse staatsgeweld, en hier kom die voorbeeld van die Nazi-misdade en die Neurenbergverhore natuurlik gereeld ter sprake. Die vergelyking tussen die apartheidsregime en die gruwels wat tydens die Tweede Wêreldoorlog bedryf is, is 'n al te maklike slaggaat. Na aard en omvang is die Nazi's se volksmoorde en die misdade van die apartheidsregime nie met mekaar vergelykbaar nie.²⁶ Die strukturele geweld wat inherent aan die nasional-sosialisme was, het voortgevloeи uit 'n ideologie wat gerig was op die eliminasie van *Volksfeinde*. 'n Sodanige uitwissingsideologie – 'n leer gerig op die uitroei van bevolkingsgroepe in totaal – was vreemd vir die apartheidsysteem. Die wit apartheidsregime is om propagandistiese redes wel dikwels met fascisme vergelyk. Daarmee is 'n fundamentele gegewe oorgesien: dat fascisme in wese 'n Europese verskynsel is wat sy oorsprong sedert 1917 in die bloedige siklus van rewolusie en kontrarevolusie gehad het. Die apartheidsysteem het daar weinig mee te make gehad. Dit was veel eerder 'n onderdeel van en 'n fase in die proses van die kolonialisasie en dekolonialisasie van Afrika.

Ondanks ooglopende verskille, val dit wel op dat heelparty grootskaalse skendings van menseregte wat deur state gepleeg word, huis op die kantlyn van "gewone" oorloë gebeur. Geweld word dikwels deur state en regimes gepleeg as daar, agter die skerms van 'n klassieke

24. *Mail & Guardian*, 16 January 1997.

25. N. Worden, *The Making of Modern South Africa* (Blackwell, Oxford, 2000), pp 137-169.

26. Hierdie argument word meer uitgebreid in my vergelyking tussen die apartheidsysteem en die nasional-sosialisme gevoer: G. Verbeeck, "A New Past for a New Nation? Historiography and Politics in South Africa. A Comparative Approach", *Historia*, 45, 2, November 2000, pp 387-410.

militêre konflik, ook nog 'n onkonvensionele *dirty war* teen politieke of rasseteenstanders gevoer word. Sowel in Nazi-Duitsland tydens die Tweede Wêreldoorlog as in die Suid-Afrikaanse apartheidse regime het die anti-kommunistiese kruistog 'n belangrike rol gespeel. Die uitroeiing van die Jode sou nie denkbaar kon gewees het as daar nie 'n oorlog aan die Oosfront was nie. Die moordbendes van De Kock het hulle werk gedoen binne die raamwerk van die stryd teen die "rooi gevvaar" in Afrika. In beide gevalle was daar sprake van 'n radikalisering van ekstreme geweld, waarby die ideologiese motivering 'n minder belangrike rol as die spesifieke oorlogsomstandighede op sigself gespeel het. Die vergelykende *Genozidforschung* het lig op hierdie korrelasie gewerp. Oorloë fasiliteer grootskaalse skendings van menseregte. 'n Oorlogssituasie en die bestryding van 'n eksterne vyand bied dikwels die voorwendsel om grootskaalse geweld te gebruik teen politieke, etniese of godsdiensstige teenstanders. Hierdie verband tussen enersyds oorlog en andersyds *genocide*, *democide* of *politicide*, word byna ideaaltipies verteenwoordig deur die massamoord op die Herero's in Duits-Suidwes-Afrika (1904), die Armeense volksmoord (1915) en die volksmoorde in Rwanda (1994).²⁷ Ook die Nazi-volksmoorde van onder andere die Jode kan tot hierdie lys toegevoeg word.²⁸ Navorsers wys verder tereg op die verband tussen politieke geweld en die moderniteitsproblematiek.²⁹ Suid-Afrika is geen uitsondering hierop nie. Die middele wat die Suid-Afrikaanse polisiestaat tot hulle beskikking gehad het om politieke teenstanders uit te skakel en die militêre krag waarmee internasionale konflikte uitbaklei word, dui op die effektiwiteit van die onderdrukingsapparatuur.

Hoe verwerplik die uitgangspunte daarvan ook al was, is dit sinneloos om die apartheidse stelsel te "demoniseer" deur dit as die absolute bron van alle geweld wat daaruit voorgekom het, voor te hou. Net so min kan die *Holocaust* enkel en alleen uit die intensies van die nasional-sosialistiese ideologie afgelei word. Die volksmoorde kon eers vanaf 1941 prakties uitgevoer word – toe die oorlog die omstandighede daarvoor rygemaak het. Die implementering van apartheid in 1948 het nie op sigself tot die gewelddadige ontsporings daarvan geleid nie. Dit het

-
- 27. *Democide* en *politicide* is neologismes om massamoorde van klassieke vorme van *genocide*, of te wel volksmoord, te onderskei. *Democide* het betrekking op die uitroeiing van die eie bevolking, *politicide* op die vernietiging van politieke teenstanders.
 - 28. Hier gaan dit om die verband tussen die *Holocaust* – *Judeocide* – en die oorlog aan die Oostfront.
 - 29. Sien in hierdie verband: B. Barth, *Genozid. Völkermord im 20. Jahrhundert. Geschichte, Theorien, Kontroversen* (Beck, München, 2006).

eers moontlik geword in die fase van radikalisering van verset en onderdrukking vanaf die middel van die 1970's.

Hoe sou aggressors en slagoffers na afloop van 'n gewelddadige periode nuwe vorme daar kon stel om weer met mekaar te kan saamleef? Gobodo-Madikizela wys in haar boek tereg op die verskil met die *Holocaust*-ervaring. In die verwerking van die *Holocaust* lê die klem veel sterker op *herdenking* as op *dialoog*.³⁰ Dialoog was in ander gevalle (byvoorbeeld in die voormalige Joego-Slawië en Rwanda) 'n noodsaaklike voorwaarde om nuwe vorme van saambestaan te bewerkstellig.³¹ Dit wys weer op die uniekheid van die *Holocaust*-ervaring. In die Suid-Afrikaanse konteks gaan dit, op die keper beskou, om geweld op 'n relatiewe klein en gekontroleerde skaal wat teen politieke teenstanders gerig is. Aggressors en slagoffers kon mekaar (letterlik) later weer veel gemakliker in die oë kyk. Maar tot wie moet 'n mens jou rig as jou familie, geliefdes en vriende in die massagrafte en krematoria van die Nazi-moordmasjien omgekom het? Juis dít gee aan sowel die ideologiese as die psigologiese verwerkingsproses 'n uitsonderlike karakter. Historici sien die Holocaust as 'n rasseeoorlog wat op 'n anonieme, burokratiese en industriële skaal uitgevoer is. Diegene wat die verantwoordelikheid gedra het, het die immorele karakter van die projek ontken.³² Die Nazi-leierskap het geglo dat die volksmoorde geregtverdig was. Die uitvoerders was klein ratjies in 'n uiters deeglike burokratiese moordmasjien. Dit is bedryf deur "doodgewone mense", wat onder normale omstandighede 'n normale bestaan sou gevoer het.³³ Die verskil in die aard van die wandade maak die verwerkingsproses, die dialektiek van skuld, rou en vergifnis, heeltemal onvergelykbaar.³⁴

-
- 30. Gobodo-Madikizela, *A Human Being Died That Night*, p 119.
 - 31. Dialoog as voorbeeld van 'n *speech-act*, die voorwaarde vir die moontlikheid van vergifnis by voorbaat: N. Tavuchis, *Mea Culpa*, pp 22-32.
 - 32. Dit is 'n stelling wat moeilik veralgemeen kan word. Pumla Gobodo-Madikizela het dit gebaseer op die gedrag van Adolf Eichmann tydens sy verhoor in Jerusalem in 1961 – H. Arendt, *Eichmann in Jerusalem. Von der Banalität des Bösen* (Piper, Frankfurt, 1988). Daar kan ook gewys word op die houding van Franz Stangl, kommandant van Treblinka, in sy gesprekke met Gitta Sereny – G. Sereny, *Into that Darkness. From Mercy Killing to Mass Murder* (Deutsch, Londen, 1974).
 - 33. Sien: C. Browning, *Ordinary Men. Reserve Police Battalion 101 and the Final Solution in Poland* (Harper Collins, New York, 1993).
 - 34. Daar was al verskeie pogings om die onvergelykbare te vergelyk, byvoorbeeld: H. Adam and K. Adam, "The Politics of Memory in Divided Countries", in W. James and L. van de Vijver (eds), *After the TRC. Reflections on Truth and Reconciliation in South Africa* (David Philip, Cape Town, 2000), pp 32-50.

Waarheid en versoening

A Human being Died that Night is uiteindelik hoegenaamd nie 'n boek oor die WVK nie, ondanks die feit dat dit wel na aan die tema ontwikkel het. Gobodo-Madikizela was natuurlik nou betrokke by die WVK wat, origens, 'n perfekte illustrasie bied van hoe haar terapeutiese insigte in burokratiese praktyk omgesit sou kon word: versoening (in die vorm van amnestie) deur waarheidsvinding en ten slotte, berou. Wat 'n kliniese sielkundige op individuele vlak sou wou bereik, is deur die WVK op 'n breër politieke en maatskaplike vlak beoog. Dit is 'n misverstand om te dink dat die WVK as 'n meganisme gefunksioneer het om misdade ongedaan te maak, soos wat vroeër wel dikwels beweer is. Slegs een uit elke sewe amnestie-aansoeke is dan ook daadwerklik toegestaan.³⁵ De Kock self het reëlmataig as getuie voor die WVK verskyn en het self ook 'n aansoek om amnestie ingedien. Op al 89 aanklakte waarvoor hy verhoor is, is amnestie aan hom verleen – met die uitsondering van twee voorvalle, waarvoor hy twee keer 'n lewenslange vonnis opgelê is.³⁶ Die enigste manier waarop hy nog sy vryheid sou kon herwin, sou wees in geval van 'n algemene amnestie, of deur 'n presidensiële begenadiging.

Die inisiëring van die WVK in 1995 het gevvolg op 'n wetgewende inisiatief van die nuwe, ANC-gedomineerde, veelrassige parlement van Suid-Afrika.³⁷ Dit was die breinkind van die Minister van Justisie,

35. *This Day*, 4 March 2004.

36. In twee gevalle kon De Kock nie aantoon dat die moorde verband gehou het met georganiseerde politieke organisasies, byvoorbeeld die regering of die ANC nie. Daarmee het die kriterium van polities-geïnspireerde misdaad verval.

37. Die mees omvattende studie wat die diverse aspekte van die WVK in 'n multidissiplinêre benadering ontleed, is: C. Villa-Vicencio and W. Verwoerd (eds), *Looking back – Reaching forward. Reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa* (University of Cape Town Press, Cape Town, London, 2000). Sien verder: A. Krog, *Country of My Skull* (Random House, Johannesburg, 1999); James & Van de Vijver (eds), *After the TRC*; A. Borain, *A Country Unmasked. Inside South Africa's Truth and Reconciliation Commission* (Oxford University Press, Oxford, 2000); D. Posel and G. Simpson, *Commissioning the Past. Understanding South Africa's Truth and Reconciliation Commission* (Witwatersrand University Press, Johannesburg, 2002). A. Ellian, *Een onderzoek naar de Waarheids- en Verzoeningscommissie van Zuid-Afrika* (Wolf Legal Productions, Nijmegen, 2003); L.S. Graybill, *Truth and Reconciliation in South Africa. Miracle or Model?* (Lynne Rienner, Boulder, London, 2002); J.L. Gibson, *Overcoming Apartheid. Can Truth Reconcile a Divided Nation?* (HSRC Press, Cape Town, New York, 2004). Die resultate van die WVK kan gevind word in: *Truth and Reconciliation Commission of South Africa I-V* (MacMillan, Londen, 1998). Sien ook: <http://www.doj.gov.za/trc/>.

Dullah Omar, en is onmiddellik entoesiasties deur talle nie-regerings-menseregte-organisasies, soos die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief in Suid-Afrika en later ook *Justice in Transition* van Alex Boraine begroet. Die kommissie moes die growwe skendings van menseregte wat in die periode tussen Maart 1960 en Maart 1994 plaasgevind het, ondersoek.³⁸ Hierdie streng periodisering moes die indruk versterk dat dit nie die doel van die kommissie was om met die beleid van die vorige NP-regerings as sodanig af te reken nie (en selfs ook nie met die apartheidstelsel as geheel nie), maar met die gewelddadigheid wat sedert die Sharpeville-bloedbad in 'n klimaat van 'n feitlik algemene burgeroorlog bedryf is.³⁹ Die inisieerders van die kommissie het hulleself uitdruklik gespieël aan die voorbeeld van die verskillende Latyns-Amerikaanse lande wat 'n vergelykbaar gewelddadige verlede agter die rug gehad het met die oorgang van 'n militêre diktatuur na 'n burgerlike demokrasie.⁴⁰ In dié lande het die politieke opvolgers van die meestal erg onderdrukkende militêre regimes onder druk van hulle bevolkings gekom om die misdade uit die onlangse verlede openbaar te maak. Die Suid-Afrikaanse WVK het egter altyd 'n veel groter maatskaplike dravlek gehad. Die WVK het verskil van die Latyns-Amerikaanse voorbeeld in soverre dat dit nie soseer op 'n presidensiële besluit nie, maar op 'n parlementêre inisiatief berus het.⁴¹ Die werkwyse daarvan was dié van openbare verhore, wat onvermydelik 'n breë openbare debat sou uitlok, eerder as geslote, *in camera* kommissies van ondersoek. Deur mense soos Antjie Krog het die wêreld insig in die *beloved country*, worstelend met die pyn en die verdriet uit die verlede, verkry.⁴²

38. A. Boraine, *A Country Unmasked*, pp 11-75.

39. Die bloedbad van Sharpeville op 21 Maart 1960 het die hoogtepunt van die verset en onderdrukking tydens die apartheidjare gevorm. Dit was plaaslik, sowel as in die buiteland, die begin van die radikalising van die anti-apartheidsbeweging. Sien: P. Frankel, *An Ordinary Atrocity. Sharpeville and Its Massacre* (Yale University Press, New Haven, Londen, 2001). Frankel spieël homself duidelik aan die voorbeeld van Christopher Browning se aangrypende mikro-analise van die Jode-moord tydens die Tweede Wêreldoorlog: *Ordinary Men. Reserve Police Battalion 101 and the Final Solution in Poland*.

40. A. Boraine, "The Language of Potential", in James & Van de Vijver (eds), *After the TRC*, p 73.

41. Die WVK het gevolg op die *Promotion of National Unity and Reconciliation Act*, Act number 34 of November 1994.

42. A. Krog, *Country of My Skull*, p 261.

Waarheidskommissies verteenwoordig maar één institutionele vorm waardeur met die verlede afgereken kan word.⁴³ Die Kanadese sosioloog Heribert Adam het ses omgangsvorme met die verlede onderskei wanneer daar van diktatuur na demokrasie oorgeskakel word.⁴⁴ Die mees algemene is die ontbreking aan enige verwerkingsmeganisme, of 'n kollektiewe verdringing van wat in die onlangse verlede afgespeel het. Tradisioneel word na die onmiddellike na-oorlogse situasie in Duitsland verwys, en veral in 'n sterk mate die oostelike deel daarvan – die latere DDR. 'n Ander bekende voorbeeld is Japan met betrekking tot dié staat se oorlogsverlede. In sommige gevalle, soos in Spanje na Franco, is die verdringing die bewuste resultaat van 'n onderhandelingsproses tussen die vroeëre en die nuwe magshebbers. 'n Tweede vorm is oorlogstribunale, wat meestal tot stand kom na 'n militêre nederlaag en steun op 'n min of meer algemene konsensus oor die strafbaarheid van bepaalde misdade, soos die geval was by die Internasionale Militêre Tribunaal in Neurenberg, en onlangs ook met betrekking tot die voormalige Joego-Slawië. 'n Derde vorm behels 'n suiwering op beperkte skaal van verantwoordelikes en kollaborateurs van die gediskwalifiseerde regime. Voorbeeld hiervan is die suiweringsprosesse in Wes- en Oos-Europa na 1945, en in die voormalige Oosblok na 1989. Onderhandelde restitusie en kompensasie is 'n vierde vorm: Duitse herstelbetalings aan Israel, finansiële vergoeding vir voormalige dwangarbeiders tydens die Tweede Wêreldoorlog en die heel onlangse debat oor vergoeding vir die slagoffers van slawerny en kolonialisasie, val onder hierdie kategorie. Ten slotte is daar die vele pogings tot die demokratisering en heropvoeding van 'n samelewing.

Die WVK, soos dit tot heel onlangs in Suid-Afrika gefunksioneer het, is duidelik te onderskei van hierdie vyf vorms.⁴⁵ Dit was juis gekant teen kollektiewe amnestie en het in beginsel geen strafregtelike bevoegdhede gehad nie. Van 'n bewuste suiweringsoperasie was daar geen sprake nie, tensy die amptelike beleid van "positiewe diskriminasie" as sodanig beskou sou word. Kompensasie en herstelbetalings was slegs 'n beperkte doelstelling van die WVK. Ten slotte is 'n beleid van politieke heropvoeding nie werklik aan die orde in 'n samelewing wat met die veel groter probleme van skreiende sosiale teenstelling en armoede gekonfronteer word nie: die sogenaamde "demokratisering" van Suid-

-
- 43. P.B. Hayner, *Unspeakable Truths. Facing the Challenge of Truth Commissions* (Routledge, New York, London, 2002).
 - 44. Adam & Adam, "The Politics of Memory", pp 32-50.
 - 45. Vir die debatte, sien onder meer: Alex Boraine, Janet Levy and Ronel Scheffer, *Dealing with the Past. Truth and Reconciliation in South Africa* (IDASA, Cape Town, 1997), pp 137-151.

Afrika is trouens 'n ambivalente gegewe. Daar is hier geen sprake van 'n klassieke oorgang van 'n diktatuur na 'n demokrasie nie. Die nuwe beleid is 'n voortsetting van die parlementêr-demokratiese tradisies waarop die apartheidssisteem in prinsip ook gesteun het (al is dit dan in die praktyk tot 'n etniese oligargie verwring). Die Suid-Afrikaanse demokrasie het nie in polities-filosofiese sin verander nie, maar het onder die banier van "multikulturele demokrasie" wel 'n ander sosiale en kulturele inslag verkry.⁴⁶ Dit verklaar ook die kritiek op die beperkte fokus van die WVK. Die WVK het nie afgereken met apartheid as sodanig nie, maar alleen met die ontsporing daarvan op dievlak van menseregteskendings. Dit het belangrike implikasies vir die versoeningsproblematiek. Soos Gobodo-Madikizela tereg opgemerk het, is die versoening eers werklik geslaagd wanneer slagoffers en begunstiges van vroeër bymekaar gebring word.⁴⁷

Die WVK is in die tradisie van *restorative justice* gevestig, "herstellende geregtigheid" wat voorkeur gee aan versoening, eerder as aan straf. Onder die leuse "onthulling genees", was die doelstelling om "berouvolle aggressors" en "vergewensgesinde slagoffers" byeen te bring, ten einde 'n spiraal van wraak te vermy. Met hierdie doel voor oë, is die WVK se taak onder drie kommissies verdeel. Die eerste was verantwoordelik vir die ondersoek van skendings van menseregte in die verlede; die tweede moes advies oor die toestaan van amnestie gee, en die derde sou voorstelle aan die regering ten opsigte van herstelbetalings en ander vorms van kompensasie aan slagoffers moes maak. Indien die voormalige wandaders in die openbaar teenoor hulle slagoffers sou bieг, sou hulle in aanmerking vir amnestie kom. "Versoening deur die waarheid" sou die swaartepunt van die ambisieuze program word.⁴⁸ Alleen deur die herstel van die "historiese waarheid" sou versoening met die verlede, en dus ook met die oorlewende aggressors, moontlik wees. Die voorsitterskap van die charismatiese Desmond Tutu het veel tot die gesag en die bekendheid van die kommissie bygedra.

46. Uitgebrei in onder meer: H. Deegan, *South Africa Reborn. Building a New Democracy* (UCL Press, London, 1999).

47. P. Gobodo-Madikizela, "Memory and Trauma", in J. Edelstein (ed), *Truth and Lies. Stories from the Truth and Reconciliation Commission in South Africa* (Granta Books, New York, 2001), p 31.

48. K. Asmal, L. Asmal and R. Suresh Roberts, *Reconciliation through Truth. A Reckoning with Apartheid's Criminal Governance* (Philip, Kaapstad, 1997).

Die WVK was natuurlik in die eerste plek 'n *eye opener* vir 'n nasie van wit Suid-Afrikaners wat "verleer het om haar trane te wys".⁴⁹ Die gebrekkige deelname van wit Suid-Afrika aan die kommissie het beslis 'n rol daarin gespeel.⁵⁰ Talle buitestanders het entoesiasties op die WVK gereageer en dit as 'n waardige alternatief vir tradisionele suiweringsprosedures, wat meestal slegs op onderdrukking gerig was, beskou. Internasionale openbare mening, dikwels verblind deur 'n geïdealiseerde beeld van die nuwe Suid-Afrika, het die WVK as 'n unieke eksperiment gesien waarin medelye, empatie en opregte skuldbewussyn by die aggressors opgewek sou word by die gewaarwording van die dikwels onuitspreeklike lyding van die slagoffers.⁵¹ Daarmee is die bedoeling van die WVK met die realiteit verwarr.⁵² Openbare boetedoening het maar in 'n beperkte aantal gevalle gewerk. Meestal het die protagoniste – sowel dié uit die vorige regime as die leiers van die *struggle* – hulle in 'n ideologies-gelegitimeerde selfbeeld teruggetrek. Aan beide kante was daar immers voldoende argumente om die eie posisie en optrede in die konflik tussen die wit regering en die swart versetbeweging te regverdig. Belangrike leiers van die ou regime, soos F.W. de Klerk, kon hulle optrede gemaaklik rasionaliseer deur hulle sowel plaaslik as internasionaal, op die destydse politieke klimaat te beroep.⁵³ Ook die leiers van die swart verset het soms dubbelsinnig opgetree. In ANC-kringe het die kritiek op die bevindinge van die WVK toegeneem namate dit begin blyk het dat onthullings van dikwels buitensporige geweld deur die swart versetbewegings die beeld van die vryheidstryd sou skaad. Die onthutsende houding van Winnie Madikizela-Mandela was 'n pynlike voorbeeld hiervan.⁵⁴

Uiteindelik was die kritiek van diegene wat in die WVK 'n pseudoreligieuse instelling gesien het, wat op 'n soort kollektiewe louterende katarsis sou uitloop, van meer belang. Die WVK as *holy grail* of 'n "sekulêre pakt"?⁵⁵ Die beeld van geritualiseerde openbare boetedoening, wat goed by 'n Anglikaanse of Rooms-Katolieke kultuur aansluit, het in 'n oorwegend Calvinistiese omgewing geirriteer. Hierdie kritiek het veral

49. A. Krog, *Country of My Skull*, pp 1-13.

50. *Mail & Guardian*, 26 October 2000.

51. G. Schwan, *Politik und Schuld* (Fischer, Frankfurt, 1997), p 245.

52. Adam & Adam, "The Politics of Memory", pp 43-47.

53. Ook gedeeltelik terug te vind in De Klerk se outobiografie: F.W. de Klerk, *The Last Trek. A New Beginning* (MacMillan, Londen, 1998), pp 369-385.

54. Adam & Adam, "The Politics of Memory", p 44; "What the Hani judgement said", *Mail & Guardian*, 9 April 1999.

55. J. Gerwel, "National reconciliation: holy grail or secular pact?", in Villa-Vicencio & Verwoerd, *Looking back*, pp 277-286.

uit die kringe van konserwatiewe Afrikanerkultuurnasionaliste gekom, wat reeds aan die terugtrek in 'n sfeer van ontgogeling en verbittering oor die gevolge van die regering se regstellende-aksiebeleid was. Hierdie kritiek kan egter ook gemaklik deurgetrek word na diegene wat vasgestel het dat dié soort metodiek nie tot die strukturele agtergrond van die onreg in die verlede deurgebring het nie.⁵⁶ Dit was immers nie rassesegregasie as sodanig nie, maar slegs die gevolge daarvan vir menseverhoudinge in die samelewing en die politieke beleid wat outomatis tot menseregte-skendinge moes lei, wat onder die soeklig van die WVK gekom het.⁵⁷

Die WVK het in Oktober 1998 'n finale verslag van 3 500 bladsye voorgelê.⁵⁸ In die voorafgaande jare is die getuienis van 21 300 slagoffers opgeteken. 'n Totaal van 7 127 aansoeke om amnestie is ontvang.⁵⁹ Misdrywe wat polities gemotiveerd was (en dus nie as "gewone" kriminaliteit geklassifiseer kon word nie) en waarvoor volledige skuldbekentenis afgelê is, het in aanmerking vir amnestie gekom. Die ondervragings kon in elk geval al begin lig werp op sommige van die meer berugte moordaanslae, soos dié op Steve Biko. Die subkommissie wat die regering oor moontlike herstelbetalings moes adviseer, se opdrag het mettertyd al groter geword. Die owerheid het nou die verwyt te hore gekom dat hulle nie tegemoetkomend genoeg was wat die finansiële implikasies betref het nie.⁶⁰ Die WVK het nie net die NP nie, maar ook die IVP as die vernaamste aanspreeklikes vir die geweld in die voorafgaande jare uitgewys. Die IVP het hulle in die jare wat die magieverwisseling voorafgegaan het, in hulle wedywering met die ANC in 'n bloedige burgeroorlog begeef. Verder is die ANC, en in 'n mindere mate die UDF, vir sommige wandade verantwoordelik gehou. Die PAC is ook in die veroordeling ingesluit weens hulle aandeel in 'n selfgeproklameerde nasionale bevrydingstryd.⁶¹ Sulke politieke gevolgtrekkings moes onvermydelik gepaard gaan met 'n bespreking oor die noodsaak om die geweld wat gepleeg is, te "kontekstualiseer".⁶² Dit is juis op hierdie punt wat die politieke debat enige konsensus onmoontlik gemaak het. Die geweld wat deur die swart weerstandsbewegings gepleeg is, is voorgestel as 'n "ontsporing", of "teenreaksie", wat deur die

-
- 56. *Cape Times*, 18 November 2005; *Cape Times*, 1 December 2005.
 - 57. Gobodo-Madikizela, "Memory and Trauma", pp 25-33.
 - 58. *Truth and Reconciliation Commission of South Africa Report I-V*. Sien ook die webwerf van die WVK: <http://www.truth.org.za>.
 - 59. A. Jeffery, *The Truth about the Truth Commission* (South African Institute of Race Relations, Johannesburg, 1999), pp 7-9.
 - 60. "Tutu Onsteld oor Leemte in Begroting", *Die Burger*, 28 Februarie 2000.
 - 61. Jeffery, *The Truth about the Truth Commission*, pp 161-163.
 - 62. Jeffery, *The Truth about the Truth Commission*, pp 12-13.

politieke konteks genoodsaak is. In 'n sekere sin is die idee van legitieme "rewolusionêre geweld" daardeur in ere herstel. Die NP-regering is, daarteenoor, as die verteenwoordiger van 'n kriminale *Unrechtstaat* voorgestel. Met die argument van legitieme reaksie teen rewolusionêre geweld is geen rekening gehou nie. Ondanks die feit dat die WVK homself in beginsel as onpartydig wou voorstel, het dit inderdaad 'n politieke instrument geword.

Geskiedskrywing van aggressors en slagoffers

Historici speel 'n dubbele rol in historiese waarheidskommissies. Dit is nie alleen in Suid-Afrika die geval nie, maar kom ook in talle ander lande voor. Die werk van die WVK het professionele geskiedskrywing in Suid-Afrika geensins, of dan slegs tot 'n geringe mate beïnvloed.⁶³ Daarteenoor kan dit wat 'n mens in die breër sin as die "historiese kultuur" kan definieer, nie losgemaak word van die "historiese waarheidsvinding" nie. Akademiese geskiedskrywing het grootliks outonoom ontwikkel, met ander woorde los van die politieke breuke en bemoeienisse. Reeds lank voor die formele einde van die apartheidregime, is die historiese komponente van die apartheidsideologie deur vakhistorici ondermyn. Suid-Afrikaanse historiografie het 'n transformasieproses ondergaan wat reeds in die 1960's en 1970's met die opkoms van die liberale en radikale strominge aan die gang gesit is. Die wit akademiese *establishment* – die Engelstaliges tot 'n groter mate en in 'n vroeër stadium as die Afrikaanstaliges – het hulself reeds veel vroeër ideologies van politici se inmenging geëmansipeer en laasgenoemde se verouerde wêrldbeskouing veroordeel. Historici het met ander woorde nie sit en wag op die WVK se onthullings oor misdade en skendings van menseregte onder die ou regime nie. 'n Kritiese analise van die apartheidregime is lank tevore reeds deur hulle onderneem.

63. K. du Pisani, "Na die Waarheids- en Versoeningskommissie: uitdagings aan die historikus in 'n demokratiese Suid-Afrika", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Maart 2007, 47, 1, pp 1-12. Die outeur wys op die besondere betekenis van die werk van die WVK vir Afrikaanstalige historici en spreek die vrees uit dat 'n bepaalde neo-nasionalisme onder Afrikanerhistorici uiteindelik die nuut-verworwe "kultuur van herkenning" (Jörn Rüsen) sou kon ondermyn.

Suid-Afrikaanse historici het tydens die werksaamhede van die WVK tot 'n groot mate op die kantlyn bly staan.⁶⁴ Wat kon van hulle verwag word? Die meeste van hulle het 'n gesonde afstand gehandhaaf van wat tereg as 'n nasionalistiese heropbouingspoging deur die nuwe regering beskou kan word. Verskeie het gewys op die gevaar van 'n nuwe soort histories-filosofiese dogmatisme. Die onoordeelkundige gebruik van mondelinge bronne en getuienis, sonder dat dit gepaardgaan met die bestudering van geskrewe bronne, word deur historici tereg met argwaan bejeën. "Historiese waarheidsvinding", wat die empiries-historiese vlak oorskry en oorgaan in 'n "psigologiese" of "eksistensiële" waarheid – iets is "waar" omdat dit deur die betrokke waarnemer so ervaar word – is nie die terrein van die historikus nie. Historici is nie regters nie, en nog minder maatskaplike werkers.

Die WVK, en die werk van Gobodo-Madikizela in die besonder, het *Täterforschung* wel opnuut die middelpunt van belangstelling in geskiedskrywing gemaak. Gobodo-Madikizela het haar bevindinge met Eugene De Kock konsekwent met internasionale literatuur oor die aggressors tydens die *Holocaust* en die Nazi-regime verbind. Dit is van groot belang vir die motivering en die sosiale samehang van individuele verantwoordelikheid en sosiale konteks. Wie die wêrld alleen maar deur die oë van die slagoffers bekyk, en nie ook die volle aandag aan die aggressors gee wat hulle verdien nie, laat nie reg aan die historiese werklikheid geskied nie. *Täterforschung* het steeds 'n soort *Nachholbedarf* ten aansien van die begryplike groter aandag wat slagoffers na die onthulling van die misdade van 'n omvergewerppe regime ontvang. Hierdie dinamiek was veral ook opvallend in die ooste van Duitsland ná die onthullings oor die Stasi. Die WVK en die analise van die geval De Kock het dus 'n onregstreekse invloed op geskiedskrywing in Suid-Afrika. Aangesien aggressors en slagoffers hier sterker as elders met mekaar versoen word – die hoogste doelstelling van die WVK – plaas dit Suid-Afrika in 'n unieke posisie.

Die WVK het immers 'n groot hoeveelheid persoonlike verhale van sowel die *perpetrators* as die *victims* van die apartheidsbewind in die vorm van getuienis opgelewer. Dit het 'n tweeledige effek op geskiedskrywing. Heeltemal in ooreenstemming met die sentrale doelstelling, verskuif die perspektief vir die historikus in die eerste plek van die politieke magstrukture na die beleweniswêreld van sowel die aggressors as die slagoffers van die apartheidregime. Die werking van

64. C. Marx, "Die Wahrheits- und Versöhnungskommission in Südafrika." Referaat 46, Deutscher Historikertag 2006, Konstanz, 22 September 2006.

die WVK versterk die aanspraak vir 'n sogenaamde *history from below* baie duidelik en omdat die moontlikheid van versoening tussen die partye so sentraal gestaan het, is daar meer as ooit nadruk op die vervlegdheid van die lot van die aggressors en die slagoffers gelê. Apartheid het 'n historiese beeld agtergelaat waarin *a world apart* letterlik geskep is.⁶⁵ Die WVK het, deur die lyding van die slagoffers en die aanspreeklikheid van die skuldenaars in 'n dialektiese samehang te toon, tot 'n geskiedenisbeeld bygedra wat verskillende ervaringswêrelde geïntegreer het. Tweedens het 'n metodologiese verskuwing ingetree. Historici ondtek nou meer as ooit die waarde van mondelinge oorlewering as 'n alternatief vir die vele stiltes wat geskrewe bronne oproep. Die betekenis van *oral history*, hoe problematies ook al in 'n juridiese konteks, kan alleen maar toeneem vir geskiedenis, en daarby veral vir sosiale geskiedskrywing, wat so naarstiglik op soek na getuienis van die meestal ongeletterde, laer sosiale klasse van die samelewing is.⁶⁶

Daar is 'n duidelike parallel tussen die werk van die WVK en die politieke styl van die ANC.⁶⁷ Veral sedert die 1980's het die ANC-leiers daarmee begin (en op hulle hakke het die binnelandse opposisie, verteenwoordig deur die UDF, gevolg) om die groot politieke en ideologiese heilsverhale af te sweer. Abstrakte nasionale en sosiale utopias het byna volledig uit hulle diskokers verdwyn en die aandag is ten volle na *the people* verskuif. Opposisieleiers het hulself as 'n spreekbuis vir die gewone mense beskikbaar gestel. Openlik populistiese *jargon* het daarmee saamgekom – iets wat tot op hede tiperend van die politieke retoriek van die nuwe Suid-Afrika is. Sommige marxistiese idees het (via die SAKP) wel staande gebly, maar dit is totaal deur 'n vae nasionale populisme oorskadu. Nasionalistiese leiers het prolifereer as spreekbuise van die *voices from below*. *The people* was 'n ongedifferensieerde kolos wat oor 'n eie soort kollektiewe geheue beskik het. Die leiers van *the people* was die legitieme vertolkers daarvan. Vir die historiese perspektief het dit beteken dat *history from below* onomwonne 'n *people's history* moes wees. Persoonlike herinneringe en individuele lewensverhale wat deur die *oral history* geartikuleer is, het as boustene vir 'n nuwe soort sosiale geheue gedien.

-
- 65. Na die gelyknamige 1988-film van Chris Menges.
 - 66. C. Bundy, "The Beast of the Past: History and the TRC", in James & Van de Vijver (eds), *After the TRC After the TRC*, pp 9-20; C. Villa-Vicencio, "On the Limitations of Academic History: The Quest for Truth Demands Both More and Less", in James & Van de Vijver (eds), *After the TRC*, pp 21-31.
 - 67. G. Minkley and C. Rassool, "Orality, Memory, and Social History in South Africa", in S. Nuttall and C. Coetzee (eds), *Negotiating the Past. The Making of Memory in South Africa* (Oxford University Press, Oxford, 1998), p 92.

Heeltemal in ooreenstemming met hoe die tendens ook elders ter wêreld voorkom, het hierdie vorm van sosiale geskiedskrywing in Suid-Afrika in die maalstroom van die postmodernisme gegroei. Dit het 'n nuwe mode geword om met teorievorming 'n verbintenis tussen koloniale en post-koloniale diskouerse te soek. Epistemologiese naïwiteit – die soektog na die verlede *wie es eigentlich gewesen ist* – word nie langer nagestreef nie. Nou is historici geïnteresseerd in die ontstaan, die verspreiding en die funksionaliteit van historiese *narratiewe*, die verhale – dikwels outobiografies – oor die verlede. Die verlede word nie meer op sigself bestudeer nie, maar as 'n netwerk van "verhale" waarmee mense betekenis aan hulle bestaan gee. Meer as wat vroeër die geval was, word daar nou aandag geskenk aan geskrewe en mondelinge getuienis as bron vir historiese ondersoek, waarin minder na "waarheidsgehalte" gesoek word en meer om "betekenisvorming" gevra word.

Historici stel hulself nou uiteindelik ten doel om akademiese historiese navorsing ook in die breë kring toeganklik te maak. Die gekose onderwerpe leen hulle dan ook daartoe: geen "saai" politieke of militêre geskiedenis meer nie, maar outobiografieë, familie- en plaaslike geskiedenis. Uiteraard word baie aandag ook aan die lewens van stedelike of landelike swart gemeenskappe in hulle verset teen die apartheidregime gewy. Hierdie vorm van sosiale geskiedskrywing staan uitdruklik ten gunste van die nasionale bevrydingsbeweging. Sowel in hulle akademiese werk as in hulle strewe om hulle navorsing toeganklik te maak, het hierdie historici vir die slagoffers van die regime kant gekies. Omdat die uitgangspunt in sosiale geskiedenis van toentertyd af die arbeidersklasse was, is ondersoke daarbinne gerig op alles wat onder die naam "reproduksie" kon val. Die geskiedenis van die gewone mense en die werkende massas het 'n duidelike politieke agenda gehad. Die rol wat daarvoor in die vooruitsig gestel is, was een van 'n wapen en 'n instrument om magsoordrag voor te berei as onderdeel van 'n breër projek om geestelik en kultureel vir die post-apartheidstudperk voor te berei.⁶⁸

Tot in hierdie stadium word daar nog te weinig verbande tussen verskillende kwessies – soos die WVK, tendense in geskiedskrywing en sommige literêre debatte in Suid-Afrika, byvoorbeeld na aanleiding van J.M. Coetzee se roman *Disgrace*, gelê. Die eerste behels jurisdiksie en politieke instellinge, die tweede akademiese historiografie en die derde literatuur en die media. Tog vertoon dit alles onderlinge samehang omdat één tema sentraal gestel word: die gespanne verhouding tussen

68. Minkley & Rassool, "Orality, Memory, and Social History", p 93.

persoonlike herinnering en kollektiewe identiteit.⁶⁹ Die WVK streef heel duidelik politieke doelstellinge na. Die insameling van individuele getuienis pas in 'n soort kollektiewe reinigingsritueel wat 'n nuwe nasionale identiteit moet skep. Die oopkrap van die "waarheid" moet, via skuldbekentenis, tot versoeniging lei. Hierdie versoeniging dien as matriks vir 'n nuwe Suid-Afrikaanse politieke kultuur. Die omgang met die verlede word hier dus duidelik 'n instrument om nasievorming te bevorder. Die klem op 'n gemeenskaplike verlede moet dien om 'n gevoel van 'n gemeenskaplike nasionale identiteit te versterk.⁷⁰ Anthea Jeffery wys nadruklik op die gevaaar vir die WVK om die rol van die bewaarder van 'n *publicly sanctioned history* vir homself toe te eien, 'n "geskiedenis wat in skole onderrig moet word", terwyl enige ander sienings uitgesluit word. Sy sien daarin ook die Orwelliaanse gevaaar van 'n nuwe politieke indoktrinasie wat op die loer lê.⁷¹

Nie alleen wat die onlangse verlede van die laaste veertig jaar betref nie, maar ook in 'n veel breër sin wil die ANC-regering 'n nasionale herdenkingskultuur in die lewe roep om, soos in die geval met die Anglo-Boereoorlog, 'n soort postume versoeniging tussen aggressors en slagoffers te bewerkstellig.⁷² Dit is 'n verstaanbare en geregtigverdigde reaksie op die apartheidsstelsel, maar hou ook die gevaaar van 'n nuwe soort "eenheidsdenke" in.⁷³ Dit is veral opmerklik dat dit hoofsaaklik 'n ideologiese operasie bly, met relatief min invloed op die terrein self. Enigeen wat effens vertroud met die hedendaagse Suid-Afrika is, kan nie anders as om effens verbaas te staan oor die "lankmoedigheid" waarmee daar met die verlede afgerekend word nie. Die Suid-Afrikaanse herdenkingskultuur steun nie op die gedagte van 'n *tabula rasa* soos wat na radikale politieke transformasies plaasvind nie.⁷⁴ Naas nuwe

-
- 69. H. Welzer (ed), *Das soziale Gedächtnis. Geschichte, Erinnerung, Tradierung* (Hamburger Edition, Hamburg, 2001).
 - 70. Dit is die uitdruklike missie van: J. Bam and P. Visser, *A New History for a New South Africa* (Kagiso, Cape Town, 1996).
 - 71. J. Kane-Berman, Director, South African Institute for Race Relations, in Jeffery, *The Truth about the Truth Commission*, p 5.
 - 72. G. Verbeeck, "De Anglo-Boereoorlog in een veranderend perspectief. Een comparatieve benadering", *Journaal vir Etietydse Geskiedenis*, 25, 2, Desember 2000, pp 284-310.
 - 73. G. Verbeeck, "Populistiese opeising van ABO 'slaag nie'", *Volksblad*, 11 Desember 1999.
 - 74. J.M. Gore, "New Histories in a Post-Colonial Society – Transformation in South African Museums since 1994", *Historia*, 50, 1, May 2005, pp 75-102; S. Marschall, "Making Money with Memories: The Fusion of Heritage, Tourism and Identity Formation of South Africa", *Historia*, 50, 1, May 2005, pp 103-122.

museums, monumente, herdenkingsterreine en naamsveranderings wat die veranderde politieke struktuur verteenwoordig, bly die oorblyfsels van die ou herdenkingskultuur, al is dit dan ook tot 'n mindere mate, grotendeels steeds staan. Die gevolg is 'n pluralisme wat beter by die Suid-Afrikaanse konteks aangepas is. Dit is waarskynlik nie te voorbarig om te veronderstel dat die swart Afrikakulture minder waarde heg aan die tipe groot historiese skoonmaakoperasies wat die *Vergangenheitsbewältigung* in Europese post-totalitaire samelewings gekenmerk het nie.

Die nuwe sosiale geskiedskrywing in Suid-Afrika het dieselfde doelstelling as die WVK, naamlik om deur die insameling van individuele geskiedenissoveel as moontlik van die leef- en ervaringswêreld van die "gewone mense" te probeer rekonstrueer. Ook dit word as middel gesien waardeur 'n nuwe kollektiewe herinnering in die lewe geroep word. Die nuwe sosiale geskiedskrywing, en "mikro-geskiedenis" in die besonder, werk in hierdie verband aan die nasional-populistiese credo van die nuwe regering mee. Operasie *Restoring Silenced Voices* is nie alleen 'n antwoord op die digotomiese denke van die apartheidssisteem nie, maar beoog ook 'n soort herstelling in eer van al diegene wat uit die ou amptelike geskiedenisbeeld verban is. Historiese herstelling in eer en die inname van 'n regmatige plek in die samelewning van vandag, is as't ware twee kante van dieselfde munt.

Dat die debatte oor historiese herinnering in die nuwe Suid-Afrika soveel prominensie geniet, behoort nie te verbaas nie. In die "ou Suid-Afrika" was dit in 'n sekere sin nie anders nie. Die apartheidssisteem het op 'n sterk gemitologiseerde beschouwing van die verlede gesteun.⁷⁵ Apartheidsdenke het immers op 'n politieke mitologie berus, waarin die stryd en die lyding van die heroïese Afrikanervolk sentraal gestaan het. Daar is met reëlmaat verwys na die vele momente in die geskiedenis waarin die Afrikanervolk soos 'n Dawid teen 'n Goliat moes stry om te oorleef. In sy mees nasionalistiese en konserwatiewe vorm, is die geskiedenis van die "blanke Boerenasie" geskryf as 'n moeisame offensief, waarin die Europees-Christelike beskawing in die swart kontinent uitgedra moes word. Die Calvinistiese inslag in die Boerekultuur het aan die historiese denke van hierdie nasie 'n sterk messianistiese strekking gegee. Nie alleen is 'n glorieryke toekoms vir die Boerevolk op die swart kontinent in die vooruitsig gestel nie, maar die oomblikke in die stryd en die beproeing om daardie doel te bereik, is

75. L. Thompson, *The Political Mythology of Apartheid* (Yale University Press, New Haven, Londen, 1985).

sentraal in hulle herinneringe geplaas. Dit is opvallend hoe sterk die oomblikke van pyn en trauma, en die trots van oorwinning ook in die ou geskiedbeeld heers. Die “her-denking” van ’n verlede wat as traumatis ervaar is, is dus blybaar ’n konstante wat die “ou” en die “nuwe” Suid-Afrika met mekaar verbind.

Historiese herinnering, skuldbekentenis en versoening word in die huidige Suid-Afrikaanse konteks sterk aan mekaar gekoppel. Die vraag is of dit nie ’n onhoudbare agenda is nie. Kritici vrees dat versoening en amnestie tot ’n staat van “vergewe en vergeet” sou kon lei.⁷⁶ Ander twyfel of die kultuur van versoening wel kan saamhang met ’n permanente soektog na waarheid. “Waarheid” en “versoening”, met hulle fundamenteel teenoorstaande bedoelings, is dan juis nie pasmaats nie.⁷⁷ Versoening kan inderdaad net sóveel “waarheid” hanteer en die versoeningsmodel werk soms teenproduktief en verstikkend. Dit gee ’n bedrieglike skyn aan die uiters reële, skerp teenstellings van die verlede. *Disgrace* het uitgewys dat individuele lewens hulle die amptelik-aangekondigde herdenkingskulture nouliks aantrek. Die verset van sommige Afrikaner-intellektuele wys op ’n nouliks minder reële gevær, naamlik dié van ’n nuwe dogmatisme onder die ANC-vlag. Die ontgogeling van sommige toonaangewende intellektuele oor wat hulle as ’n verenging in die geestelike klimaat van hulle land beskou, mag sekerlik nie onderskat word nie. Ten spyte van die meer sigbare prestaties wat die afgelope tyd in Suid-Afrika behaal is, ervaar die land die gevolge van die pyn en die diepe kloof van die verlede waarskynlik veel langer as wat voorsien is.⁷⁸

Het *veroverde vergeving* ’n bydrae tot ’n debat gelewer waarby historici ook kan baat? Die perspektief op De Kock as aggressor vorm ’n waardevolle bydrae wat ook deur historici onderskryf sal word. In navorsing oor politieke geweld is daar ’n sterk houding ten gunste van ’n fokus op die aggressors, nie op die slagoffers nie. Slagoffers verdien oor die algemeen die vrug van eervolle herinnering, maar aggressors die skerpheid van ’n dissekteermes.⁷⁹ Goeie geskiedskrywing kan nie anders

-
- 76. A. Holiday, “Forgiving and forgetting: The Truth and Reconciliation Commission”, in Nuttall & Coetzee (eds), *Negotiating the Past*, pp 43-56.
 - 77. F. van Zyl Slabbert, *Comrades in Business. Post-Liberation Politics in South Africa* (Cape Town, 1998), pp 104-118.
 - 78. ’n Bondige oorsig: T.R.H. Davenport, *The Transfer of Power in South Africa* (Philip, Cape Town, 1998), pp 79-106.
 - 79. H. Welzer, *Täter. Wie aus ganz normalen Menschen Massenmörder werden* (Fischer, Frankfurt, 2006); B. Giesen und C. Schneider (eds), *Tätertrauma. Nationale Erinnerungen im öffentlichen Diskurs* (UVK, Konstanz, 2004).

as om baat te vind by 'n transendering van Goed en Kwaad nie.⁸⁰ Op 'n soortgelyke wyse het die joernalisties-filosofiese werk van Hannah Arendt die *Holocaust*-ondersoek verryk. By die versoeningsparadigma – in feite die anker vir 'n nasionale konsensus en dus 'n nuwe soort intellekturele nasionalisme – is dit natuurlik egter wel die taak van die historikus om kritiese kantaantekeninge aan te bring.

'n Ikoon vir die nuwe Suid-Afrika?

As sondebok vir die misdade van die apartheidregime het Eugene de Kock in Suid-Afrika in die afgelope jare paradoksaal tot 'n nuwe kultusfiguur geëvolueer. Hy het 'n toonbeeld van die berouvolle moordenaar wat om vergifnis smeek, geword. Dit is 'n merkwaardige houding, veral in vergelyking met die leuenagtigheid en die ontkenning van ander verantwoordelikes. Sedert hy sy gevangenisstraf begin uitdien het, het hy 'n volledige bekentenis afgelê en sorg sy getuenis daarvoor dat ander misdade verder ondersoek kan word. Die getuenis van De Kock toon aan dat die verantwoordelikheid vir die misdade van die apartheidregime tot die hoogste vlakke van die NP-*establishment* strek, staatspresident P.W. Botha inkluis.⁸¹ De Kock se bekentenisse het ook vir sommige die betekenis van die WVK in 'n ander lig geplaas. Oor die funksionering van die WVK is daar trouens deurgaans uit verskeie hoeke skerp kritiek uitgespreek.⁸² Vir diegene wat die WVK uit die staanspoor gewantrou het, het die geval van De Kock bewys dat dit as 'n soort katolieke biegstoel kon dien,⁸³ wat ook deur politici en generaals gebruik kon word om hulle hande in onskuld te was. Die nuwe Suid-Afrika kan op dié manier met 'n nuwe *Lebenslüge* opgesaal word, soos met die *Zweite Schuld* in Duitsland na 1945.⁸⁴ Die historiese skuld van die apartheidregime word op hierdie enigmatische moordenaar gefokus, wat sodende 'n negatiewe held word. Die samelewing in geheel, en die voormalige politieke elite in die besonder, word verder van elke sonde kwytgeskeld. 'n Spotprent uit *The Star* van 1996, wat dus verskyn het toe die proses reeds aan die gang was, het dit alles glashelder getoon:

-
- 80. *This Day*, 4 August 2004.
 - 81. *Mail & Guardian* (Johannesburg), 17 April 1998; *Mail & Guardian* (Johannesburg), 4 June 1998.
 - 82. Jeffery, *The Truth about the Truth Commission*.
 - 83. G. Verbeeck, "Verzoening door herinnering? Historische Cultuur in Zuid-Afrika", *Nieuwste Tijd*, 3, November 2001, pp 64-65.
 - 84. R. Giordano, *Zweite Schuld oder Von der Last Deutscher zu sein* (Rasch und Röhring, Hamburg, 1987).

De Kock is uitgebeeld as die getreiterde gewete van die Natte, die vroeëre aanhangers van die Nasionale Party.⁸⁵

Die laaste punt is veral van belang wanneer 'n mens 'n bepaalde gemoedstemming by vele wit Suid-Afrikaners probeer begryp. Die begunstigdes van die "ou bedeling" skaar hulle maar al te gemaklik agter die beeld van die *Prime Evil*. De Kock funksioneer as die personifikasie van die apartheidsverlede waarmee niemand kan of wil vereenselwig word nie. Hy is die weerligafleier vir die kollektiewe verantwoordelikheid van 'n wit minderheid wat in oorgrote mate die apartheidsbeleid van die NP gesteun het. Vir baie wit Suid-Afrikaners is dit goed dat De Kock die *Prime Evil* bly. Daaragter kan hulle die rehabilitasie en die apologie vir die alledaagse rassisme uit die "goeie ou tyd" onder apartheid voltrek. Die figuur van De Kock vervul op hierdie manier onwillekeurig 'n rol wat van groot politieke betekenis vir die wit, sowel as die swart gemeenskap in Suid-Afrika is, maar die vraag bly staan of die nuwe Suid-Afrika by sodanige demonisering van haar onlangse geskiedenis baat. Die "afrekening met die verlede" funksioneer dikwels as 'n propagandistiese uithangbord waaragter 'n maatskaplike realiteit skuil wat nouliks of weinig verander het. Die transformasie het apartheid voor die wet afgeskaf, maar het nie die teenstellings opgelos in 'n land waar die Eerste en die Derde Wêreld met mekaar bots nie.

Pumla Gobodo-Madikizela is bereid om Eugene de Kock te vergewe.⁸⁶ Sy is optimisties in haar analyse oor die moontlikheid van berou en vergifnis in haar land, maar nie naïef nie. Waarheid en versoening, die vind van waarheid en amnestie op sigself, is sinneloos in 'n land waarin fundamentele probleme nog alles behalwe opgelos is in 'n gemeenskap waar mense nog steeds moet leer om werklik met mekaar te kommunikeer en waar wantroue 'n tweede natuur geword het. Die retoriek van versoening word hol as die kernprobleme van die land nie nader aan 'n oplossing gebring word nie.⁸⁷ Die probleme is deels die erfenis van die apartheidsverlede, en deels die gevolg van 'n foutiewe beleid wat nou toegepas word. 'n Growwe ongelykheid in besitsverhoudinge, wat terug te voer is na rassteenstelling, maar ook kwessies soos kriminaliteit en 'n dreigende HIV/Vigs-katastrofe, is die grootste probleme waarmee die huidige leiers gekonfronteer word.⁸⁸ 'n

85. *The Star*, 30 September 1996.

86. Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke het ook gepleit dat De Kock van sy straf kwytgeskeld word.

87. Gobodo-Madikizela, *A Human Being Died That Night*, p 163.

88. *Natal Witness*, 12 July 2004.

Beleid van nasionale versoening kan mee help om die politieke impasse te oorkom, maar verander weinig aan die sosiale kloof wat die land verdeel.

Hoe staan 'n swart intellektueel, wat selfs so ver gaan om vergifnis te skenk aan die laksman van die apartheidsregime, teenoor die probleme van haar land? Sy is nie een van dié wat die probleme van die nuwe Suid-Afrika kritiekloos omhels nie.⁸⁹ Sy is sterk ten gunste van sommige aspekte van die nuwe beleid, wat soms dalk selfs 'n wanbeleid genoem sou kon word. Teenoor die lewensgroot en aktuele probleme waarmee die nasie worstel, kom bepeinsing oor waarheid en versoening soms futiel en onvanpas voor. Suidelike Afrika veg nie teen die demone uit die verlede nie, maar teen die vele gesigte van die dood self. Hier vind dan ook 'n merkwaardige ommekeer plaas. Aan die grondslag van Pumla Gobodo-Madikizela se boek lê 'n bittere ironie. Sy glo dat Thabo Mbeki vir De Kock moet begenadig. Tegelykertyd vergewe sy die president nie sy skadelike houding in die HIV/Vigs-problematiek nie. Die twyfelagtige beleid van die huidige regering word daarvoor medeverantwoordelik gehou dat die verspreiding van die dodelike virus epidemiese afmetings begin aanneem. Tensy die regering vinnige en doeltreffende maatreëls tref, sal ontelbare mans en vrouens sterf. Gobodo-Madikizela het die druk van haar familie weerstaan en uiteindelik haar eggenoot, wat 'n Vigslyer was, verlaat. Haar boek is opgedra aan haar jongste suster, Sesi, wat haar man nie durf verlaat het nie en aan die dodelike siekte gesterf het.⁹⁰

Opsomming

Hierdie artikel is gebaseer op 'n kritiese beskouing van die boek van Pumla Gobodo-Madikizela, *A Human Being Died That Night*, wat wye lof uitgelok het. In haar gesprekke met Eugene de Kock (voormalige aanvoerder van moordbendes wat deur die eertydse apartheidsregime gesanksioneer is), het die outeur fundamentele vraagstukke soos byvoorbeeld skuld, boetedoening en vergifnis oordink. Die boek is geskryf vanuit 'n kliniese sielkundige se perspektief, maar is ook vir professionele geskiedskrywing in Suid-Afrika van belang. Dit werp veral lig op wyses waarop volgens 'n internasionale en 'n vergelykende siening na behore met die nalatenskap van gewelddadige gemeenskappe gehandel kan word. Dit sluit aan by die algemene neiging van sowel die historiese as die sosiale wetenskappe om in die dialoog oor volksmoord en grootskaalse geweld, eerder op die aggressors as op die slagoffers te

89. *Sunday Times*, 19 March 2006; *Sunday Times*, 23 April 2006.

90. *The Guardian* (Londen), 3 November 2003.

fokus. Die boek help ons om die dinamiek van geweld en die verwerking daarvan in die hede, doeltreffender te kan ondersoek en begryp. Tog moet die tekortkominge van die boek ook genoem word, veral betreffende die outeur se neiging om die spesifieke politieke en historiese konteks van die grootskaalse geweld waaroor sy skryf, te ignoreer. *A Human Being Died That Night* is nogtans 'n boek met 'n diepgaande politieke boodskap – dit identifiseer die kritiese probleme en uitdagings waarvoor die hedendaagse Suid-Afrika teen die agtergrond van die nalatenskap uit die verlede te staan kom.

Abstract

The vengeance of forgiveness Morality, historiography and politics in South Africa

This article is based on a critical reading of Pumla Gobodo-Madikizela's widely acclaimed book *A Human Being Died That Night*. In her interviews with Eugene de Kock, the former commanding officer of state sanctioned death squads under apartheid, she reflects on the fundamental issues of guilt, remorse and forgiveness. This book was written from the angle of a clinical psychologist, but it also offers new perspectives for the current process of history writing in South Africa. Above all, it sheds light on proper ways of dealing with the legacies of violent societies in an international and comparative perspective. It reflects the general tendency in the historical and social sciences to focus on perpetrators rather than on victims in the discourse on genocide and mass violence. The book offers useful tools to analyze the dynamics of mass violence as well as its continuities into the present. The article, however, also discusses critical shortcomings in Gobodo-Madikizela's analysis, particularly the way in which she tends to neglect the impact of a particular political and historical context on the executing of violence. *A Human Being Died That Night* is, notwithstanding, a book with a profound political message, as it points at actual pressing problems and challenges of present-day South Africa in light of its troublesome past.

Sleutelwoorde

Amnestie; apartheid; Eugene de Kock; Hannah Arendt; historiografie; humanistiese sielkunde; nasionale identiteit; *politicide*; politieke transformasie; post-1994 Suid-Afrika; rassisme; skuld; slagoffers en aggressors; sosiale sielkunde; Suid-Afrika in die 1980's; Suid-Afrikaanse twintigste-eeuse geskiedenis; vergelykende geskiedenis; vergifnis; volksmoordstudies; waarheid en versoening; Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK).

Key words

Amnesty; apartheid; comparative history; Eugene de Kock; forgiveness; genocide studies; guilt; Hannah Arendt; historiography; humanist psychology; national identity; political transformation; politicide; post-1994 South Africa; racism; social psychology; South Africa in the 1980s; South African twentieth century history; Truth and Reconciliation Commission (TRC); truth and reconciliation; victims and perpetrators.